

19 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 22

Die Here steek sy hand van bo af uit

Ons leef in 'n land wat deur geweld geteister word. Het jy dit al aan jou eie lyf ervaar? Voel jy ook dat daar nêrens 'n veilige plek is nie?

Ons kan vandag iets begryp van die onbenydenswaardige posisie waarin Dawid hom bevind het. Hy het geweldig baie vyande gehad wat hom graag dood wou sien. Daar was Saul, sy eie seun Absalom – tweegesig vyande aan sy koninklike hof – om nie eers te praat van die omliggende volke nie! Male sonder tal het hy ter nouer nood aan die dood ontkom.

Hoe het hy die spanning oorleef? Dawid was by uitnemendheid 'n man van gebed. As die wêreld vir hom te nou word, neem hy sy toevlug tot die Here.

In swaar dae is dit ook jou voorreg om te kan bid! Jy het enige tyd, op enige plek, in enige omstandigheid en oor enige saak vrye toegang tot God.

Maar die gebed stel ook eise aan jou. Gebed word gedra deur 'n onwrikbare vertroue in God (vs 2-7).

Die Here verwag van jou dat jy getrou en opreg sal wees, rein (om teen die sonde te stry – vs 26-28), en vol liefde (OAV). Goedkoop gebede is waardeloos.

Hoeveel keer het God al verrassend in jou lewe ingegryp? Dit is Hy wat sy hand van bo uitsteek en jou gryp. Hy lig jou uit geweldige waters (vs 17).

Jy ervaar sy genade tasbaar!

Sing: *Psalm 18:3, 9*

Ds APC Duvenage (Emeritus)

